# Hier staan ons nou

© RR Kahts

**Vers 1:**
My hart was koud
My woorde was swaar
Deur die tye van bitter en seerkry
Het jy my siel bewaar

**Voor-Koor 1:**
Van opstaan en gly, stry & baklei
Nog een keer probeer, soveel lesse geleer
Ontmoet ek die einde van my
Dis daar waar ek jou kry

**Koor:**
Hier staan ons nou
Meer as oorwinnaars
Hier staan ons nou
Met ons oë oor 'n groot vallei
Jy was nog altyd by my

**Vers 2:**
Soveel keer het ek gaan sit
In moegheid net gebid
Dis jou hand wat my pad bly lei het
My kort-kort van opgee gekeer bevry het

**(Koor)**

**Brug:**
Deur sukkel en swoeg het ek liefde ontmoet
Het ek al meer vertrou dat Hy alles vashou

**Koor:**
Hier staan ons nou meer as oorwinnaars
Hier staan ons nou met ons oë oor 'n groot vallei
Hier staan ons nou meer as oorwinnaars
Hier staan ons nou met ons oë oor 'n groot vallei
Jy was nog altyd by my
Jy was nog altyd by my